Nico van Gijsen: Sinkpolis help só met boedelplan

netwerk24.com/sake/geldsake/nico-van-gijsen-sinkpolis-help-so-met-boedelplan-20260205-0777

Sinkpolisse is veral geskik vir kliënte met ’n hoë netto batewaarde wat kapitaal op lang termyn wil skep en dit maklik wil oordra na afhanklikes, skryf Nico van Gijsen.

Die afgelope week vra ’n leser ek moet verduidelik hoe werk ’n sinkpolis (*sinking fund policy*). En sommer ook hoe dit vergelyk met ’n vaste belegging.

Sommer uit die staanspoor, dis twee verskillende beleggingsinstrumente, so verskillend dat dit nie vergelykbaar is nie.

’n “Vaste belegging” in algemene taalgebruik is geld wat “vas” belê word (by ’n bank) teen ’n vooraf ooreengekome rentekoers. Jy verdien rente. Rente wat, terloops, belasbaar is teen jou marginale koers.

Ek is nie gaande daaroor nie. Daar is beter beleggings met beter groeipotensiaal en laer belastings.

Soos in ’n polis of direk in effektetrusts, en so meer.

Om ’n sinkpolis se werking te verstaan moet ’n mens – en ek gaan dit kortliks doen – die sinkpolis vergelyk met die meer algemeen bekende spaarpolis. Ek kyk na ’n paar raakpunte en die verskille.

Versekerde lewe

Die behoefte aan ’n versekerde lewe, of nie, op die polis is seker die grootste enkele verskil tussen ’n gewone spaarpolis en ’n sinkpolis.

Jou normale polis het ’n lewe daaraan gekoppel. As dit jou polis is, dan gewoonlik jou lewe.

En, ingevolge die wet, by jou dood (of dan by die dood van die versekerde lewe; jy kan mos ’n polis besit op iemand anders se lewe) eindig die polis en keer die geld uit aan ’n begunstigde as daar ’n begunstigde aangewys is. Anders aan die oorledene se boedel.

Met ’n sinkpolis is daar nie ’n versekerde lewe gekoppel nie. Jy kan jou geld in die sinkpolis belê, maar sonder om ’n lewe daaraan te koppel. Jy kan, net soos met ’n gewone spaarpolis ’n begunstigde aanwys (jy behoort dit te doen, anders maak die sinkpolis nie veel sin nie).

By jou dood eindig die sinkpolis nie. Dit gaan net oor na die begunstigde, wat dan die nuwe eienaar van die sinkpolis word. En hy of sy kan dan ’n nuwe begunstigde aanwys, en so meer, tot in lengte van dae.

Belastings

’n Sinkpolis, soos ook ’n gewone spaarpolis, is nie noodwendig bedoel vir almal nie. As jou marginale belastingkoers meer is as 30%, is ’n polisbelegging egter beslis iets om na te kyk.

In ’n polis – sowel ’n gewone spaarpolis as ’n sinkpolis – word inkomstebelasting gehef in die polishouersfonds en nie direk in jou naam nie. Jy hoef niks aan Jan Taks te verklaar nie.

Wat natuurlik ook sê as jy ’n voorlopige belastingbetaler is vanweë jou beleggingsgroei, kan jy die jaarlikse taksverpligting (om twee opgawes per jaar in te dien en vooruit belasting te betaal) uitskakel. Die beleggingsgroei in ’n polis is nie in jou hande nie.

En dis belastingvriendelik. Die belasting op rente- en huurinkomste is 30% in die polis teenoor tot 45% in jou eie naam. Kapitaalwinsbelasting in die polis is 12% teenoor tot 18% in jou eie naam.

By dood is dinge ’n bietjie anders. Met ’n gewone spaarpolis eindig die polis, soos ek hierbo noem, en betaal die geld uit aan ’n begunstigde (as jy een aangewys het). Dit beteken dat die polis eers in kontant omgeskakel moet word, wat kapitaalwinsbelasting (KWB) tot gevolg kan hê.

Weliswaar nie vir jou boedel nie, maar in die polishouersfonds.

Met ’n sinkpolis, omdat die begunstigde die nuwe eienaar van die polis word (en daar nie kontant uitbetaal word nie), rol die KWB saam met die polis oor. Kortom, daar word by die dood van die eienaar van die sinkpolis geen KWB gehef as dit oorgaan na ’n begunstigde nie.

Albei soorte polisse word in berekening gebring vir boedelbelasting. En albei systap die koste van ’n eksekuteur as dit begunstig is.

’n Sinkpolis verskil egter wel deurdat dit nie beskerm is teen skuldeisers soos bepaal in art. 63 van die Langtermynversekeringswet (wet 52 van 1998) soos wat die geval is met ’n gewone spaarpolis nie.

Vir wie ’n sinkpolis?

Sinkpolisse is veral geskik vir kliënte met ’n hoë netto batewaarde wat kapitaal op lang termyn wil skep en dit maklik wil oordra na afhanklikes. Onthou, soos ek genoem het, die polis bly in stand; dit gaan eenvoudig oor na die volgende begunstigde.

Sinkpolisse bied ’n bykomende geleentheid vir boedelbeplanning. Dis belastingvoordelig en is ook van nut vir gestruktureerde likwiditeit en langtermynbeleggings.

Die sinkpolis kan, ná die verpligte vyfjaar-termyn of baie jare later ’n belastingvrye inkomste aan die eienaar van die polis bied.

’n Sinkpolis (ook ’n gewone spaarpolis) word nie beperk deur in watter soorte bateklasse jy kan belê nie. Die volle reeks effektetrustfondse is beskikbaar, rentedraend, eiendom en aandele.

Jy kan in buitelandse fondse belê met die voordeel dat jou belegging by dood nie blootgestel is aan buitelandse belasting of die verpligte vererwing van sekere lande nie. Die polis word eenvoudig oorgedra na jou begunstigde, wat die nuwe eienaar word.

Omdat die polis nie in jou boedel opgeneem word nie, kry jou afhanklikes, of dan begunstigdes, die polis binne ’n week of twee, terwyl erfgename van ’n gewone belegging deesdae maklik tot twee jaar kan wag op die boedel om afgehandel te word.

’n Sinkpolis is ook baie voordelig vir beleggings in trusts. Die polis is, soos ek hierbo beskryf, nie gekoppel aan ’n versekerde lewe nie.

En daar is die belastingvoordeel. Trusts betaal byvoorbeeld 45% belasting op inkomste teenoor net 30% wat in die polishouersfonds gehef word.

· Nico van Gijsen, ’n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en lid van Fisa en die FPI. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan nico@finlac.com.

weekliks@rapport.co.za